

Sing vooraf: Skrifberyming 5-4:2

- 2 Dis Christus wat die skuld wou dra, / die dood vir ons gesterf het, ja,
wat, opgewek, in glorie sit / en altyddeur vir ons wil bid.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige
werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 9:1, 9 (p. 36)

- 1 Ek sal van ganser harte, HEER, / u wonders groot maak en U eer.
Ek sing omdat ek in U bly is, / aan wie my lofsang toegewy is;
- 9 Bewys aan my genade, Heer, / en sien op my ellende neer!
U, wat my aan die dood ontruk het, / kyk, hoe my haters my verdruk het!

Geloofsbelydenis: Nicea

Na die wet sing ons van vergewing van ons sondeskuld met Psalm 16:5 (p. 62).

Wet

Psalm 16:5 (p. 62)

- 5 U sal my siel nie oorgee in die dood, / my pad buig op langs skone heuwelrye.
U sal nie toelaat dat u gunsgenoot / verderwing sien in donker doodsvalleie.
By U is ewig vreugde en volle vrede, / en in u hand 'n snoer van lieflikhede.

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Psalm 33:5, 10 (p. 159)

- 5 Die Heer se woord is skeppingsmagtig / wat lewe uit die dood gebied.
Hy spreek – dit staan daar lewenskragtig, / Hy roep net en dit het geskied.
Nasies en tiranne / smee verniet hul planne / in die vlam van haat.
Hy wat groot van mag is, / weet wat daar bedag is / en verbreek hul raad.
- 10 Sy arm ontbloot Hy uit die hoogte / en red hul siele van die dood.
Hy sorg vir hul by somerdroogte, / in sware tyd en hongersnood.
In die grootste smarte / bly nogtans ons harte / op die HEER vertrou.
Hy, ons skild, Hy wyk nie, en ons hulp beswyk nie / waar ons hart op bou.

Skriflesing: Romeine 6

Teks: Romeine 6:11

So moet julle ook reken dat julle wel vir die sonde dood is, maar lewend is vir God in Christus Jesus, onse Here. (Romeine 6:11 AFR1953)

Kom ons begin hierdie preek met 'n opsomming van die dinge wat algemeen voorkom in ons geloofslewe:

- Ons glo ons is verlos deur die Here Jesus Christus.
- Ons glo ook dat die Here die sondes wat ons doen, gaan straf.
- Ons weet dat ons nie sondes moet doen nie, en dan sê ons dat ons altyddeur teen die sondes moet stry.
- Ons sien die sonde altyddeur as 'n mag wat ons bedreig, en ons besef dat ons die sonde moet teëstaan en beveg.

Dit bring ons sommer dadelik by die punt van die preek, want gewoonlik dink ons dat om die sonde te beveg 'n daad van aksie is.

- Die dinge wat ons nou opgenoem het, is alles reg, maar as ons net dit glo en weet, dan weet ons nie genoeg nie – dan staan die waarheid vir ons ook maar baie skeef.
- Daar is ook ander dinge waaraan ons moet aandag gee – wat van die uiterste belang is, naamlik:
 - Die sonde is nie 'n geestesmag wat vaagweg en onomlynd bestaan nie.
 - Die sonde is 'n persoon.
 - Dit is 'n iemand – dit is die duiwel, want hy veroorsaak hierdie dinge direk.
 - Die tweede saak van belang is dat die hiernamaalse lewe wat ons het deur die Here Jesus, in hierdie lewe reeds beoefen moet word.

Wie van ons dink elke oomblik daaraan dat alles wat ons elke oomblik doen, gedoen moet word in die lig van hierdie verlossing van ons?

Anders gestel: Kan mens in die manier waarop jy teen die sondes baklei, sien dat jy een van die mense is wat eendag in die hiernamaals op die nuwe aarde by God gaan wees?

Die vraag is dus: Hoe baklei ek tot eer van God teen die sondes? Dis waaroor dit in ons teksvers gaan. Jy kan op baie maniere met iemand anders baklei, maar daar is hoofsaaklik twee maniere:

- Die een is om daadwerklik jou vyand te slaan of dood te maak, met ander woorde om aktief met hom handgemeen te raak.
- Die ander manier is om hom te ignoreer, of om net nie te reageer wanneer hy jou benader nie.

Dis van hierdie laaste manier van veg waarvan ons teksvers praat. Dit klink seker vir u onmoontlik. Daarom sal ons eers die vertrekpunt van die Bybel moet vasstel.

- Die Bybel gaan hier van die standpunt uit dat daar twee kante of fasette in jou lewe is.
- Dit is nou net so dat daar elke keer net een van hierdie twee fasette aan die gang kan wees.
- Dit is nie so moeilik om te verstaan nie, want dit staan hier dat jy net kan lewe vir die Here, óf vir die duiwel.

Al twee maniere van lewe het newe-effekte.

- As jy vir die duiwel lewe, kan die Here jou nie gebruik nie, want dan is jy vir die Here heeltemal dood.
- As jy vir die Here lewe, dan is jy weer vir die duiwel heeltemal dood.

Dis presies by hierdie gedagte waarby ons teksvers aansluit:

- As jy vir God lewe, kan die duiwel net mooi niks met jou doen nie, want dan is jou liggaam en jou siel vir hom soos 'n lyk.
- Die Here sê hier dat dit presies is wat jy met die sonde moet doen.
 - Jy hoef nie 'n groot geveg op te sit waarin die bloed loop en die stof staan nie.
 - Jy moet net doodgewoon dood-dood speel met die duiwel.

- Dan kan jy nie sonde doen nie, want hy kan jou dan nie gebruik nie – so maklik is dit.

Kom ons kyk nou na die redenasie van die apostel Paulus om te sien hoe hy by hierdie punt van sy argument uitkom.

- Vers 2 tot 4 leer dat ons saam met die Here Jesus gesterf het.
 - Maar dit was nie sommer net 'n gewone dood, soos ons altyd aan die dood dink nie.
 - Die Here Jesus het teen die sonde gaan sterf. Kyk na vers 6:

aangesien ons dit weet dat ons oue mens saam gekruisig is, sodat die liggaam van die sonde tot niet gemaak sou word en ons nie meer die sonde sou dien nie.

(Romeine 6:6 AFR1953)

Ons weet tog dat die sondige mens wat ons was, saam met Christus gekruisig is, sodat ons sondige bestaan beëindig kon word. Ons is dus nie langer slawe van die sonde nie.

(Romeine 6:6 AFR1983)

Let nou teen hierdie agtergrond op na vers 7:

Want hy wat gesterf het, is geregverdig van die sonde. (Romeine 6:7 AFR1953)

Iemand wat gesterf het, is immers vry van die mag van die sonde. (Romeine 6:7 AFR1983)

As iemand eers gesterf het, dan kan die sonde niks meer met hom doen nie.

- Dis ook logies, want ons kan met dooie mense ook niks doen nie, want hulle praat nie terug nie, en werk en luister ook nie.
- Die duiwel sit met dieselfde onmag teenoor 'n dooie mens.
 - Hy kan net met 'n mens werk solank hy nog lewendig is.

Let op die woordjie *mag* wat in die nuwe vertaling in vers 7 staan. Dié woord word gebruik teen die agtergrond van wat in vers 6 geskryf staan:

- *Ons is dus nie meer langer slawe van die sonde nie – die sonde het dus geen mag meer oor ons nie.*
- Die sonde is dus 'n mag wat die mens beheers asof hy die sonde se slaaf is.

Die saak word baie sterk negatief gestel. Luister net na woorde soos *wat gesterf het* en *mag van die sonde*.

- Maar die Here praat nie net met negatiewe woorde nie.
- Daarom word dit so sterk positief gestel in vers 8:

As ons dan saam met Christus gesterf het, glo ons dat ons ook saam met Hom sal lewe,
(Romeine 6:8 AFR1953)

Ons het saam met Christus gesterwe; daarom glo ons dat ons ook saam met Hom sal lewe.

(Romeine 6:8 AFR83)

Die Here Jesus Christus lewe nou 'n lewe wat vry is van die aanslae van die dood, en ons is ook saam met Hom in daardie lewe – ons het saam met Hom opgestaan in 'n nuwe lewe.

Die gedeelte gee meteens die doop 'n nuwe betekenis, want hier gaan dit oor mense wat klaar uit die dood opgestaan het.

- Met ander woorde dit gaan nie meer oor kindertjies en hierdie lewe nie, maar oor die effek wat die verdienste van die kruisdood op hierdie kind in sy latere lewe het.
- Die gedoopte staan eendag uit die dood op.

Die feit dat jy gedoop is, verbeeld juis die lewe wat jy saam met Christus lewe, omdat die doop leer dat ons reeds saam met Christus deur die dood is. Dis ook presies wat in vers 9 en 10 staan:

. . . omdat ons weet dat Christus, nadat Hy opgewek is uit die dode, nie meer sterf nie. Die dood heers oor Hom nie meer nie. Want die dood wat Hy gesterf het, het Hy vir die sonde eens en vir altyd gesterwe; maar die lewe wat Hy leef, leef Hy vir God. (Romeine 6:9-10 AFR1953)

Toe die Here Jesus doodgegaan het, het Hy in die greep van die dood gekom (al het Hy self daar ingegaan).

- Maar Hy het deur sy opstanding uit die mag en die greep van die dood uitbeweeg.
- Nou is Hy inderdaad “anderkant” die dood – op ’n gebied waar die dood nie kan kom nie, en ook geen mag kan uitoefen nie.

Maar nou moet jy net onthou dat jy al klaar daar is! Dis juis onder andere die betekenis daarvan dat jy ’n Christen is:

- Jy deel in die vervulling van die beloftes van die Here Jesus Christus. Ons lees dit in vers 11:
So moet julle ook reken dat julle wel vir die sonde dood is, maar lewend is vir God in Christus Jesus, onse Here. (Romeine 6:11 AFR1953)
- Alles wat van die dood en die lewe van die Here Jesus geld, geld ook vir ons!
- Daarom is dit so belangrik dat ons moet onthou dat ons deur die werk van die Here Jesus dood en onbruikbaar is vir die sonde – sodat ons met ons lewe alle aandag en aanbidding aan God kan gee.

Hier is ’n vanselfsprekendheid in hierdie teks – wat nie vir ons altyd so vanselfsprekend is nie.

- Vir ons is die lewe teen die sonde maar ’n droewige stryd, wat elke dag aangaan.
- Maar die Bybel praat hier van iets totaal anders!
 - Jy lewe vir God – nie vir die sonde nie!
 - Die sonde is nie so ’n ernstige belemmering soos wat ons daarvan maak nie.
 - Ons moet net dood-dood speel wanneer die sonde by ons opdaag.

Dis miskien ’n vreemde gedagte vir u, maar hier staan dit geskryf.

- Ons probleem met die sonde kom daarby dat ons nie die verkeerde dinge wil uitlos nie.
- Ons bly te besig daarmee, in plaas daarvan dat ons dit doodgewoon ignoreer.
 - Daar ontstaan ons probleem – ons maak van die sonde te veel, en ons gee te veel aandag daaraan.
 - Daarom vang die sonde ons – ons bly lank genoeg daarmee besig, en dan begin ons die aantreklikhede in die verkeerde raaksien.

Daarom staan dit so doodgewoon hier geskryf: So moet julle ook reken dat julle wel vir die sonde dood is!

- Sommer net so, asof dit een van die mees bekende geloofsfeite is.
- Hier is iets baie belangriks in hierdie teks, wat in die Afrikaanse vertaling verlore gegaan het, en dis die woordjie *reken*.
- Die Griekse woord beteken *somme maak*.
- Hier staan dus inderdaad: Jy moet gaan somme maak, en dan sal jy sien dat jy vir die sonde dood is.

Daar is nog baie meer dinge wat ons in hierdie preek kan sê, byvoorbeeld dat die afsterwe van die sonde suiwer geloofswerking is.

- Dit kan alleen gebeur deur die werking van die Heilige Gees, en deur die krag en die oorwinning van Jesus oor die dood en die sonde.
- Dit staan ook hier in die teks in die woorde: . . . **omdat julle lewe . . . met Christus.**

Let op dat vers 12 ons volle lewe op die aarde insluit by die verlossingswerk van die Here Jesus:

Nuwe Vertaling: . . . **van julle sterflike aardse bestaan** . . .

Ou Vertaling: . . . **julle sterflike liggaam** . . .

Die Here bedoel beslis nie dat net ons liggame voordeel behaal uit die verlossingswerk nie.

- Die bedoeling is dat ons hele, volle menswees aan die duskant van die graf van die sonde af moet wegbly.

Wat is die Here besig om hier te sê? Dit:

- Jou opstanding en verlossing van die sonde raak jou hele menswees, en gee dus op alle terreine aan jou nuwe lewe.
- Maar juis daarom is die eis van die Here ook soveel sterker op ons:
 - Jou hele lewe is vernuut, en jy het as 'n volledige mens deel in die nuwe lewe van die Here Jesus Christus.
 - Sorg dan dat jou hele menswees dood is vir die sonde!

Kyk net weer na die verlossingswerk van die Here Jesus: Hy sterf juis sodat jy die krag kan hê om met soveel majesteit bo-oor die sonde te loop – dat die sonde jou vir dood aansien.

- Hou jou dood vir die sonde, en gebruik al jou energie om God te aanbid.
- Ons het inderdaad baie om op te knap.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 68:9 (p. 334)

- 9 Geloofd sy God met diep ontsag, / want Hy oorlaai ons dag aan dag / met ryke seëninge.
Wie sou Hom dan nie dank bewys, / die God van saligheid nie prys, / met al die hemelinge?
Dié God van volle saligheid / versterk ons in die dag van stryd / en dra ons deur die lewe.
Hy kan en wil en sal in nood, / selfs as ons sidder vir die dood, / volkome uitkoms gewe.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 6 Julie 2008 (oggend)